

ZASTRONNER

Gedruk deur Wepener Drukkers (051) 583 1148/51

~ Mei / Junie 2012 ~

Prys: R10.00


Professor Jonathan Jansen besoek Zastron

Die Zastron tak van die Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging (ATKV) onder voorsitterskap van Dr. Annelize Keeve, het alreeds verlede jaar besluit om Professor Jansen, huidige rektor van die Universiteit van die Vrystaat (UV), uit te nooi om 'n besoek aan die dorp te bring.

Op 'n koel herfsdag met goudgeel herfsblaartjies wat in die wind rondans is Professor Jansen en sy gevolg deur lede van die ATKV op die dorp verwelkom.

Die professor het die kinders en personeel van die Hoërskool Zastron kortliks toegesprek – vertel van die Universiteit en hulle uitgenooi om die plek te besoek. Hy is daarna gevra om pryse aan weners van sekere ATKV projekte te oorhandig.

Die pampoen kompetisie wat ten bate van Huis Vergesig gehou is, is gewen deur Mnr. Johan Moellich van Zastron met 'n pampoen wat die skaal op 10,52 kg getrek het. Pampoenpitte is by Huis Vergesig teen R50-00 stuk verkoop. **LEES MEER + Fotos.. (bl. 4)**



So moet die bal hanteer word! – Professor Jansen wys hoe.

Foto: A.v.R

G.A.T. BRUILOF!

Something old, something new, something borrowed, something blue....!

Dit is wat tans aan't gebeur is op die feesfront:

"Something old" (sorry L!)- Louis Shaer, GAT fees voorsitter 2010, snoer hierdie jaar kragte saam met "Something new" – Rolaine Grobbelaar (nuwe hoofswep van die fees 2011) om die fees ter alle feeste op te dis gedurende 20 Oktober 2012.

Ander ou GAT beplanners, soos Maria Shaer, Adri Fenwick en Ronél Naudé sal ook weer in die juk trek saam met 2011 se wenspanlede, soos Mirna Barnard en Liesel Foster.

"Something borrowed" – verskeie idees is reeds op "leenbruik" vir die nuwe, opwindende fees van 2012.

Julle sal die feesprogram van nou af happie-vir-happie in hierdie koerant kan kry om lekker aan te kou – moet dus nie 'n enkele uitgawe misloop nie.

(Ons werk nog bietjie aan die "BLUE" deel – hou hierdie publikasie dop vir die blou verrassing!)

Die feesterrein verskuif na Hoërskool Zastron se eie, persoonlike rugbyveld en ander fasiliteite by Venter-huis. En dit is maar nog net die begin van die nuwe lekkertes wat op die spyskaart gaan wees.

Hiermee dan darem net solank 'n paar, klein lusmakertjies:

- Adam Tas gaan ons help gees vang reg deur die fees - en volgens baie betroubare bronne KAN hy partytjie hou!

- André, die hipnotiseur, gaan ons wasmasjiene en sproeiërs kom verfris en natuurlik het hy ook 'n hele paar nuwe skaterlag-plannetjies. **LEES MEER.. (bl. 5)**

Maak gerus gebruik van u vriendelike koerier.

NON STOP COURIER

Zastron, Wepener, Bloemfontein, Reddersburg, Smithfield, Rouxville en Aliwal Noord.

(Koerier ook Zastron Nuusblad)

Kontak Martin Sel 076 853 9671

NOOD Nommers

Moet hierdie nommers asb. onder geen omstandighede misbruik nie!

SAPD Noodnommer	10111	SAPS Emergency No
SAPD Aanklagkantore (Gemeenskapsdiens Sentrum)	051 673 9700	SAPS Charge Offices (Community Service Centre)
Brandweer	082 564 3423	Fire Department
Ambulans	10177	Ambulance
Zastron Hospitaal	051 673 1211 / 1200	Zastron Hospital
Elektrisiteit Na ure	051 673 9600 086 007 6937	Electricity After Hours
Water Na ure	051 673 2033 083 574 7556	Water Na ure


Under no circumstances may these numbers be misused

EMERGENCY Numbers

NB: Insleepdienste 24uur NB: Tow-In Service 24hrs
Zastron Towing Sel - 082 959 4467 - Cell

Xhariep District Celebrate Freedom Day

The Department of Education's Xhariep District celebrated Freedom Day in Zastron this year. To emphasise the importance of the freedom that all communities received through the 18 year old democracy, it was decided that learners will do most of the program. The theme for the day was: "What does Freedom Day means to me as a learner?"



Some of the learners who spoke about the theme of the day

Photo: Supplied

The celebrations were honored with the presence of the Assistant Director for Values in Education, Mr. Phenkoenye and the Chief Education Specialist for SYRAC (Sport and Youth Recreation, Arts and Culture), Mr. Pepenene. Other district officials had obligations which made it impossible for them to attend the function.



The Sotho dance group

Photo: Supplied

Mr. Phenkoenye did the speech about the purpose of the day and he had a short message to the learners. Learners must appreciate what they have in this country. They have to behave and work hard to keep this country a place where everyone can live in peace. Things were not always like it is now in South Africa. Many people have suffered and sacrifice their lives to achieve the situation as it is in South Africa today. The youth must appreciate what they have and study to assure an educated leadership for the future.

Learners from schools in Zastron had to make speeches about the theme of the celebrations. Two learners from Samuel Johnson did a poem. The Lere La Thuto and Samuel Johnson choirs entertained the crowd with their beautiful voices.

The Lere La Thuto Sesotho dance group did an entertaining Sotho dance under Miss Litabe's leadership.

Mr. Pepenene did the vote of thanks and the celebrations were closed with the National Anthem.

KERKDIENSTE CHURCH SERVICES

~ N.G. KERK ~

Eredienste: 09:30

Leraar: Ds. Coenie Jacobs 051 673 1075

Skriba/Kassier: Mev. H. van Eyssen 051 673 1333

Kantoor-ure: Maandag tot Vrydag 08:00 - 13:00

Koster: Mnr. A.D. Connaway 051 673 1339

~ METHODIST CHURCH ~

Services every 2nd Sunday a month (Communion) and 4th Sunday.

Services start with praise and worship 11:00

Leslie & Leba Higgs 051 673 1130

~ VOLLE EVANGELIE KERK VAN S.A. ZASTRON ~

Leraar: Pastoor Sample Leeuwner 082 468 5566

Byeenkomste: Sondag om 09:30

~ MARANATHA SENDING / MISSION ~

Plek / Place: Gustavus Str. 15

Kerkdienste / Service Times

Oggenddiens / Morning Service: 10:00

Dinsdagaandbyeenkoms / Tuesday evening Fellowship: 19:00

~ AGS LEWENDE WATERS / AFM LIVING WATERS ~


Majozi Str. 26, Zastron

Pastoor André Langenhoven 082 068 6479 / 051 673 1808

Erediens & Kinderkerk: 10:00 ; Aanddiens: 18:00

Biduur (Woensdag): 18:30; Jeug (Vrydag): 19:00

This was a prestige observation of a very important day in the history of our country.



Mr. Phenkoenye

Photo: Supplied



Mr. Phenkoenye

Photo: Supplied

UIT ONS PEN

Goeie dag, Zastronners.

Soos u sal sien het ZASTRONNER se formaat verander. Ons het van drukker verander. Die koerant is weer eens lekker dik. Hopelik is dit die keer met minder foute. Ons vra om verskoning vir die swak versorging van verlede maand se koerant.

DIE UITDAGING VIR DIE DRUKKERY WAS OM DIE FORMAAT TE VERANDER EN DIT HET ONGELUKKIG LANGER GENEEM AS WAT ENIGIEMAND WOU HÊ. ONS HET BESLUIT OM DIE KOERANTE VIR MEI EN JUNIE SAAM TE GOOI EN WEER 'N NUWE UITGAWE VAN ZASTRONNER IN JULIE UIT TE GEE. ONS SAL STEEDS 11 KOERANTE VIR DIE JAAR HÊ EN BEPLAN 'N LEKKER KERSFEES-UITGAWE VIR DESEMBER.

Dankie vir almal se voortgesette ondersteuning. Sonder gereelde hydraes en getroue ondersteuners sou die koerant nie so suksesvol wees nie. Soos duidelik blyk uit hierdie maand se uitgawe van ZASTRONNER het daar heerlike dinge in ons dorp plaasgevind: prof. Jonathan Jansen was hier – watter voorreg vir die wat hom kon beleef; Muskiet het 'n baie suksesvolle vendetta rally aangebied; en dan was die BIBBERFEES in Smithfield weer 'n lekkerte.

Hou die pers dop vir interessante kompetisies wat in die dorp aangebied gaan word in die nabye toekoms. Inskrywingsvorme sal in ZASTRONNER beskikbaar gestel word. Groot pryse is op die spel! Moenie 'n uitgawe van ZASTRONNER misloop nie!

Ons rig weereens 'n uitnodiging aan almal in ons gemeenskap – ook weer aan die skole – om nuus in te stuur. Dis tog baie lekker om op hoogte te bly van wat in ons gemeenskap gebeur.

Tot volgende keer, lekker lees en bly warm!



Lere La Thuto needs Chess sets

There are approximately 15 learners who come to practice daily chess at school. Currently we only have one chess set. I would like to appeal on Zastron community to donate your old unused chess sets to the school. You can phone Elise Steyn weekdays at 051-673-1510 or Douglas Mac Kay 084-200-1602 all hours if you have a chess set you would like to donate to the school

Douglas Mac Kay - Principal



Sandra Cusens
073 3277 633

**Koop & verkoop van huise,
besighede en plase.
Verhurings**

Zastron Drukkery Gebou
Majosi Str. 26 ZASTRON
Tel/Faks: 051 673 1096

e-pos: scusens@xsinet.co.za

NEEM KENNIS

Zastronner behou die reg om berigte, artikels en briewe te verkort of terug te hou as dit nie vir publikasie geskik is nie. Alle probleme, asook wenke moet met die redaksie persoonlik bespreek word. Foto's moet van 'n gefrankeerde koevert voorsien wees om te verseker dat dit terugbesorg word. Die redaksie is nie verantwoordelik vir die betaling van foto-ontwikkeling nie. Die menings gepubliseer in Zastronner is nie noodwendig dié van die redaksie nie. Neem betyds kennis van die sluitingsdatums.

NOTICE




Zastronner reserves the right to shorten reports, articles or letters and to hold back any article or letter not suitable for publication. All problems and hints must be taken up with the editor in person. Send photos with a post-paid envelope included to enable the editor to return it. The editor is not responsible for the development cost of films. The opinion of the reporters is not necessarily that of Zastronner. Take notice in good time of the closing dates.

Vervolg vanaf bl. 1.. Die persoon wat die grootste pampoene kon kweek sou dan die wenner wees. Met die vertoning van 'n pragtige humorsin het Professor Jansen, op versoek van een van die gehoor, met die wenpampoene onder sy arm, soos 'n wie weet wafferse rugby speler, na die doellyn genaal en 'n drie gedruk! Werklik, iemand wie se posisie in die lewe hom nie in die wolke laat beland het nie, maar hom plat op die aarde, tussen sy mense, gehou het.

'n Hoeveelheid grondboontjebotter, deur die ATKV ingesamel, is ook deur hom aan Mev. Claudia van Niekerk van Matlakeng kliniek, oorhandig. Dit sal versprei word onder kinders van Matlakeng wat ondervoed is.

Om mee af te sluit het Professor Jansen ook 'n Kopsiepet aan die skoolhoof, Mnr Dawie Venter, geskenk.

Hierna het die groep na die Buitelug Sentrum beweeg, waar die eienaar, Mnr. Louis Alberts, hulle oor die aktiewiteite van die sentrum ingelig het. 'n Smullekker middaget, soos net Louis en Sonja Alberts dit kan voorberei, is deur die aanwesiges terdee geniet. ~Alex Van Rensburg.



FOTOS:

- 1) Professor Jansen oorhandig die prys vir die grootste pampoene aan Mnr. Johan Moellich van Zastron, regs.
Links staan Dr. Annelize Keeve. (Foto: A.v.R)
- 2) Professor Jansen oorhandig die grondboontjebotter aan Mev. Claudia van Niekerk van Matlakeng Kliniek, regs.
Links staan die voorsitter Dr. Annelize Keeve. (Foto: A.v.R)
- 3) Op pad na die doellyn! – Professor Jansen wys dat niemand hom kan keer nie. (Foto: A.v.R)
- 4) ATKV bestuurslede saam met Professor Jansen (Foto: A.v.R);
Voor VLNR; Dr. Leonard Surausky, Professor Jansen, Dr. Annelize Keeve (Voorsitter), Mnr. Nieckie Gordon.
Agter VLNR; Mev. H. van Eyssen, Mej. P. Botha (Sekretaresse), Mnr. A. Kouwenhoven, L. Alberts en C. van Niekerk.
- 5) Professor Jansen hier saam met die oudste KOVSIE in Zastron, Alex van Rensburg (UOVS) 1947. (Foto: Verskaf)

Vervolg vanaf bl.1..

• 'n Heelwat lywiger landbou afdeling is ook hierdie jaar in die pyplyn, so moenie eers daaraan dink om jou boerdery as verskoning te gebruik vir jou afwesigheid nie – dit sal jou plaas skaad om hierdie fees mis te loop!

• Heerlike (goedkoper!!!!) kindervermaak is een van die top-prioriteite van hierdie jaar se fees.

• Vir die fiksies en fietses word daar natuurlik ook altyd voorsiening gemaak – so stof solank af daardie drafskoene!
(En olie maar solank jou fiets..????)

Te veel is reeds gesê!

Merk net solank die datum van 20 Oktober 2012 somer met rooi op jou almanak – jy sal jou eie G.A.T. skop as jy dit misloop!

ZASTRON PRINTERS

26 Majozi Street • Zastron

☎ 051 673 1096

- ◆ Copies
- ◆ Cycle Parts
- ◆ Photo Printing
- ◆ Laminating
- ◆ Stationery
- ◆ Binding
- ◆ Scrap Booking Albums & Supplies

Aupair

Au pair opleiding vir skoolverlaters
of almal wat wag op 'n betrekking,
of belangstel in Aupairwerk oorsee!

KURSUS BEGIN Mei 2012

Skakel 079 1637 868

Oud Junior Springbok vier 82 goue jare

Mnr. Koos Wessels van Erfdeel Van Stadensrus, het onlangs by wyse van 'n gesellige ete saam met vriende en familie, sy 82ste verjaardag gevier.

Koos Wessels is op 30 Maart 1930 op Wepener in die Oos-Vrystaat gebore.



Mnr. Koos Wessels en sy vrou, Anna

Foto: A.v.R.

Nadat hy sy skoolopleiding in Van Stadensrus aan die Hoërskool Zastron voltooi het, verwerf hy 'n B.A. graad aan die destydse Universiteitskollege van die Oranje Vrystaat (UKOVs), waarna hy homself as boer op die

plaas Erfdeel in Van Stadensrus, vestig.

Nadat hy vir die Vrystaat rugbyspan as haker uitgedraf het, verwerf hy in 1955 Junior Springbokkleure. In

sy loopbaan speel hy 35 keer vir die Vrystaat en 7 keer vir die Junior Springbokke. Sy ouer broer Piet, was Springbokhaker in 1951-52 teen die Britse Eilande. Sy jonger broer John het in 1965 Springbok geword en teen Ierland uitgedraf.

Op 25 Februarie 1956, is Koos met Anna Nel, ook van Van Stadensrus getroud. Uit die huwelik is 'n seun en 'n dogter gebore.

Beide Koos en Anna beskou dit as 'n wonderlike voorreg om so 'n lang en gelukkige huwelik saam te kon deurmaak. ~Alex Van Rensburg.

MH MARCO HEYMANS FINANSIELE BEPLANNERS

Marco Heymans - AFP
(Associate Financial Planner)

NUUSFLITS / NEWS FLASH

KORTTERMYN VERSEKERING

'n GPS is nie outomaties gedek onder Alle Risiko of Motor Afdelings nie, dit moet gespesifiseer wees om enige dekking te geniet.


Spesialiseer In:

- Boedelontleding en Boedelbeplanning
- Aftree beplanning
- Korttermyn Versekering
- Mediese fondse

- Gemagtigde Finansiële verskaffer Nr. 17579
- Lid van die Versekeringsmakelaarsraad van SA.
- Geakkrediteerde Mediese Fonds Makelaar.
- Sertifikaat van bevoegdheid in Korttermyn versekering.
- Assosiaat van die Finansiële Beplannings Instituut.

2 President Hoffman St, PO Box 158, Smithfield 9966

☎ (051) 683 0234/180 ☎ 0866 045 074 ☎ 082 780 697 ✉ mheymans@ziplink.co.za



NAUDE EN RADEMEYER BK b/a

ZASTRON APTEEK/PHARMACY

Reg nr: 2804/014393/21

VAKANTE POS

Aansoeke word ingewag vir 'n posisie as algemene assistent by Zastron Apteek. Persone wat belang stel, kan hulle CV by die Apteek afgee.

Vir meer inligting, kontak Charl Naude

051- 6731355

Zastronner van die maand

Juffrou Marthie Botha

Juffrou Marthie, jy is al so lank by Pinocchio betrokke daar doer bo teen die berg! Ons kinders is almal al deur jou hande. As mens se kinders uit Pinocchio na die hoërskool toe gaan, weet mens hulle is goed voorberei, maar mens verloor ook heeltemal kontak met julle! Ons wil graag deur hierdie beriggie net weer die mense van Zastron – sonder kleuters in Pinocchio – herhinner aan julle en aan jou spesifiek!

1. Juffrou Marthie – ons ken jou mos maar almal by die naam – maar wat was jou nooiensvan?

My nooiensvan was Solms.

2. Waar het jy grootgeword en skoolgegaan?

Ek het grootgeword op Petrusburg en skoolgegaan by Hoërskool A.J.C. Jooste op Petrusburg.

3. Het jy broers en susters?

Ja ek het 1 suster en 4 broers – waarvan 2 'n tweeling is.

4. Waar en wat het jy studeer?

Ek het by BOK- Bloemfontein Onderwys Kollege gestudeer en daardie jare het hulle dit KKO – (Klein Kinder Onderwys) genoem. Dit was sub A, B en std. een. Ek het toe verder by UNISA pre-primêre onderwys studeer en later ook deur Unisa en Intec diplomas in Wiskunde en rekenaarprogramering ontvang.

5. Jy is getroud met oom Manie. Waar het julle ontmoet?

Ek en Manie was saam studente, hy by die Universiteit van die Vrystaat en ek by BOK.

6. Hoe lank is jy nou al 'n plaasvrou?

Vanaf 1976.

7. Geniet jy die plaaslewe?

Ek sou myself nie regtig as plaasvrou beskou nie, want ek het nie hoenders of hanslammers nie, maar ek wil nêrens anders bly as op Nellieshof nie.

8. Hoe lank is jy al betrokke by die onderwys?

Ek is nou al 38 jaar 'n onderwyseres.

9. Was dit maar altyd pre-primêre onderwys?

Ek het vir tweejaar op Smithfield skool gehou. Die eerste jaar vir die std. 2's (graad 4) en die tweede jaar vir 'n gekombineerde graad 3 en -4 klas, daarna was ek al die tyd by Pinocchio.

10. Hoe lank is Pinocchio al aan die gang? Vertel ons asseblief bietjie die geskiedenis van die skool.

Pinocchio is in 1974 gestig deur die destydse Afrikaanse Sakekamer van Zastron, wat 'n behoefte geïdentifiseer het vir onderwys vir voorskoolse leerders.

11. Julle het twee dogters. Waar is hulle in die wêreld en wat doen hulle?

Marli, die oudste, is bestuurderes by OVK –Smithfield en Lizemari is getroud met Pieter Jordaan. Hulle boer in Aberdeendistrik en sy werk daar vir GBG, 'n ouditeursfirma.

12. Het juffrou vir hulle skoolgehou?

Ja ek het vir hulle altwee skoolgehou.

13. Was dit lekker of sleg? Wat is die uitdagings as mens vir jou eie kinders skoolhou?

Dit was soms maar moeilik, want mens is geneig om meer met jou eie kind te raas. Hulle was darem altwee nie te onmoontlik nie, en jy is versigtig om jou eie kind dinge te laat doen of 'n spesiale

toekenning te gee, al verdien hulle dit, want jy is bang daar sal gesê word jy trek jou eie kind voor. Ek het ook toe ek rekenaarklas gegee het vir die Std. 9's (graad 11), albei in die klas gehad. Ek moet sê dit was baie makliker om hulle in die graad 11-klas te hê, eerder as in Graad R.

14. Wat is die grootste kompliment wat jy al van 'n kleuter af gekry het?

Ek het op 'n keer vir die kleuters 'n storie van 'n eenhoringperd gelees. Die boek het slegs swart en wit sketse gehad, en ds. Potgieter se seuntjie het gesê, hy het dieselfde boek, maar as ek die storie vir hulle lees, dan is die prentjies ingekleur.

15. Wat is die uitdagings van pre-primêre onderwys? En het dit verander oor die jare?

Die uitdaging van pre-primêre onderwys is om leerders wat uit verskillende lae van die samelewing, met verskillende agtergronde, verskillende moedertale, verskillende kulture en tuisstimulering aan die einde van die jaar op dieselfde vlak van gereedheid vir formele onderwys te kry. Ook om elke leerder so te assesser dat jy hom/haar nie benadeel of bevoordeel omdat sy kultuur- of taal van die res verskil nie. Dit het verander in die sin dat ons vroeër met kleuters gewerk het wat almal van dieselfde kultuur en taalgroep afkomstig was.

16. Wat dink juffrou is die heel belangrikste ding om 'n kleintjie voor te berei vir "groot" skool?

Daar is 'n paar baie belangrike dinge maar ek dink die heel belangrikste is dat hy/sy moet kan stil sit en regtig luister – die eerste keer as daar gepraat word.

17. Hoeveel kinders is al deur jou hande, juffrou?

Daar is ongeveer 30 per jaar en dis al 36 jaar by Pinocchio so dis ongeveer 1050.

18. Juffrou, jy voorspel mos by die "gradeplegtigheid" van die speelskool wat die kinders gaan word as hulle groot is. Hoeveel keer was jy al reg?

Ek het eers later jare daarmee begin en daardie kinders is op die oomblik nog in die skool, so ek sal jou oor 10 jaar kan antwoord.

19. Deel asseblief met ons 'n staaltjie uit die klaskamer wat jou altyd sal bybly.

Daar is so baie. Ek vertel graag die volgende twee. Een was van 'n graad 2 seuntjie op Smithfield. Daardie jare moes die kinders bybelversies uit die kop leer en opsê soos gediggies. Jannie Malherbe het vol selfvertroue opgestaan en begin. "Psalm 121 – 'n Ooievaarslied" (i.p.v. 'n bedevaartslied) en by Pinocchio het ek vir die leerders vertel van mamma se nooiensvan en as sy trou kry sy pappa se van en die kinders kry ook hulle pappa se van ens. Dit moes 'n groot indruk op Marli gemaak het, want toe ek 'n paar weke later vir elke kind vra hoekom hulle lief is vir hulle pappas het sy geantwoord: "Ek is lief vir my pappa want as hy nie met my mamma getrou het nie, het ons nie 'n van gehad nie."

20. As jy nou nie 'n juffrou was nie, wat sou jy graag wou wees?

Ek sou baie graag logos wou ontwerp of advertensies maak vir die TV.

21. As jy nie by die skool is nie, waarmee hou jy jouself besig? Watter ander passies het jy?

Ek teken baie graag maar kry te min tyd daarvoor.

22. Wat is, volgens jou, die geheim vir 'n gelukkige lewe vol vervulling?

Ek sal die vraag vir jou antwoord met 'n aanhaling van Langenhoven.


"Dis die smeulende vuur wat swaarkry, en tog nie die kos kan gaarkry,
Dis die vrolike vlam wat klap en kraak en sy taak tot vermaaklikheid maak"

Juffrou, namens die menige kinders en ouers van Zastron; baie dankie vir die geweldige belangrike rol wat jy in ons kinders se lewens gespeel het en steeds speel. Die bestendige, kalm, opregte manier waarop jy ons kinders voorberei vir "groot" skool maak ons baie dankbaar. Mag daar nog vele jare vir juffrou Marthie Botha by Pinocchio voorlê! Baie dankie vir die onderhoud.

Dream achieved – to hike across Lesotho

It's the afternoon of the 5th day of my Lesotho crossing. Our guide Phakane, my fellow hiker Andrew and I are contemplating just how we will be able to cross the flooded Ribaneng River. We have hiked for 6 hours in pouring rain, are soaked through and our destination, the village of Khorong, is only three-quarters of an hour away. We are craving a hot cup of soup and a change of clothing. In desperation I try to cross. I get to the middle of the river and then away I go, bouncing from one rock to another. I must have gone about 100 metres, river rafting without a raft, when I was washed up against a decent sized rock, luckily on my companions' side of the river. Feeling pretty banged about, with a sore knee and upper legs, specs and hiking stick gone, but more embarrassed than anything else, I dragged myself back to them. Now what? Too wet to camp, Phakane negotiates a couple of rooms in another village not too far away, and we get that soup and dry clothing after all.

This has always been my dream, to walk across Lesotho from border to border. We started, Andrew and I, four days ago at Sepapus gate in the west and I plan to get all the way to Sani Top. Andrew will go as far as Semonkong.



Our first three days to Malealea Lodge were tough. We had decided not to take a packhorse for this leg of the journey, but those full packs were a curse, slowed us down a lot. Interestingly enough, some kids from the village where we camped on day two had never seen white folks before. Our hostess there proved to be less than reliable; we gave her R100 to get us a couple of beers and she returned three hours later in an inebriated state, with our two beers, but no change. By this time the last thing we felt like was beer, so she scored a couple more. She let us camp on her front lawn, so we reckoned it was fair trade.

The morning of the fifth day was glorious, the skies open and beauty all around, the world fresh from the rain, waterfalls everywhere, streams flowing healthily, flowers, flowers and more flowers. We arrived at Semonkong on the sixth day; it was good to chill for a whole day and let the bruises subside. The next morning Andrew leaves on the bus to Maseru and Phakane and I head off to Sani Top.

The beautiful weather lasted for the next four days, and then it changed. Rain fell all night while we were camping on the Lesobeng, and then all night again at Koma Koma and Pitseng. We had rain during the day as well on the third last day, but it cooled us down for the long trek of 9 hours. At our campsite at the Majoe Matso stream, it started again, but luckily for us, only as we hammered in the last tent peg!

We enter Sani Top on the morning of our 15th day, with a bitterly cold wind at our backs. We had been lucky with the weather; no mist, no snow and only enough rain to make the countryside stunningly beautiful!

I met up with my daughter Debbie, and Andrew who had come with her to see me make it to the end. We took two days to get back down to Wepener via Katse dam to finish off the journey.

For me, a worthwhile trek, good to be able to say that I have walked across a country, albeit a small one like Lesotho. We had some tough days, a lot of ups and some really good days along the contours of the mountains.

Phakane, our guide, was excellent, he knew the way very well. Our horses, we took two of them, one for riding, and one packhorse, found wonderful grazing along the way.

I am proud to say that I walked every inch of the journey except for three river crossings where I was just too lazy to remove my boots!

Mick Jones

Veelsydige Zastronner verwerf LLB Graad

Maryke du Toit, kleindogter van Frans & Grace Human van Humanshoek, het op 30 Maart 2012 haar L.L.B.-graad met lof ontvang by die Universiteit van die Vrystaat. Sy het by 'n spesiale prysuitdeling van die Fakulteit Regsgeleerdheid, die volgende ontvang:

- Prokureursorde-prys vir die beste kandidaat prokureur wat die L.L.B.-graad gedurende 2011 verwerf het.
- Phatshoane Henney-medalje; student wat die L.L.B.-graad cum laude slaag.

Maryke het haar studies in 2007 by die UV begin en het haar B.Com (Regte) graad in 2009 voltooi. Sy is tans besig met CFP (Certified Financial Planner) wat sy teen die einde van 2012 sal voltooi. Sy het in Januarie 2010 begin met haar Klerkskap, by die firma Symington & De Kok Prokureurs in Bloemfontein.

Sy het hokkie gespeel vir haar koshuis, Sonnedou van 2007 tot 2009 en het ook aan die Senior Serenade kompetisies vir haar koshuis deelgeneem van 2007 tot 2009.

Maryke is 'n toegewyde Christen wat glo dat sonder God niks moontlik is nie.



Die Suiwel Den

Gustavus str 22, Zastron

**Vir vars melk, kaas,
ysies en roomys**

Spesiale aanbieding:

Gevriesde "Gereed-om-te-eet" Maaltye

Ham en Spinasië Pasta

R18-00

Macaroni met maalvleis en kaassous

R24-00

**Kom loer gerus en kyk na
Zastron se jaarbeplanner vir 2012**

Winkel 051 673 1035

Petro 071 254 0176

Pastoral Guidance in Zastron

From April on the Free State Care in Action also renders pastoral guidance in Zastron. This promises to be great support to our town and a huge asset to both the VVA and social welfare workers alike. We start the service for young adults, learners and children who are referred by the social worker. If you would like to get involved in any of the work of the VVA, please phone Marlene Gelderblom at 051 – 6731078.

Free State Care is very grateful to the community for the donations and support that enable the organisation to provide these essential services. God bless!

Office hours: 8am – 4pm

Phone: 051 – 6731078

Address: 47 Reichenberg St, next to FNB Bank

don't let anyone's ignorance,
hate, drama or negativity stop
you from being the best
person you can be.

Bedanking

Mev. Lettie Snyman wat op 9 April oorlede is, se familie sê baie dankie aan almal wat die diens bygewoon het. Dankie aan hulle wat 'n besoek gebring het, eetgoed gemaak het, 'n handdruk gegee het, 'n sms gestuur het of gebel het.

Jammer dat ons nie alle bekendes se boodskap kon deurgee nie, aangesien Telkom se lyne buite werking was. Dankie ook aan die personeel van Huis Vergesig waar sy 13 jaar lank 'n inwoner was.

~Snyman Familie

Heartfelt thanks to my concerned & caring family & friends

You enabled me to draw strength & courage from the many visits, phonecalls & SMS's.

I can happily say that due to that, I have had a very speedily recovery!

Bless you all - you shall receive back twofold!

Kind thoughts of praise

Marlene, Mike and Smith family


Skaapras in Zastron geteel.

Dit was in die laat twintigerjare van die vorige eeu - twee boere van die Zastrondistrik moes 'n gewichtige besluit neem.

Mnre. Jock Higgs en T.P. Van der Walt wou 'n skaapras teel - 'n ras wat beide wol en vleis op 'n lonende skaal kon oplewer. Die ras moes ook taai wees - nie net in die Zastrondistrik nie, maar ook in ander dele van die land, met welslae kan oorleef.

Merino-ooie sou die basis vorm, maar daar moes 'n ram van 'n ander ras gevind word wat aan die nodige vereistes voldoen.

Uiteindelik het die keuse op 'n Franse vleis-ras met fynwol, die "Precoce", geval. 'n Aantal ramme is kort hierna vanaf Frankryk, ingevoer. Die stoetery is begin en die nuwe ras is die die "Mutton Merino" of Vleis Merino gedoop.



Wyle Mnre. Jock Higgs

Mnr. Leslie Higgs, ook 'n teler en neef van Jock Higgs, vertel dat Van der Walt en Higgs teen die einde van die dertigerjare, besluit het om elk sy eie pad te gaan. Die stoet is in twee gedeeltes en Van der Walt het sy deel die "Letelle" genoem terwyl Higgs se gedeelte die "Walrich" geword het. Die naam "Walrich" spruit uit die name van die teler "Walter" Higgs en sy plaas "Richmond", waarop die stoetery oorspronklik begin is.

Aangesien die stoetery baie toegeneem het, is dit by die afsterwe van mnre. Jock Higgs verdeel tussen sy seun Alan en familie lede, mnre. Jack Higgs (vader van Leslie), C.- en B. Morgan.

In 1972 neem mnre. Leslie Higgs sy pa se stoet oor en in 1976 met C. Morgan as president, word hy vise-president

van die Walrich Skaaptelers Vereniging van Suid Afrika. In 1980 word hy verkies tot president van die vereniging.

In die laat tagtigerjare amalgameer die Walrich en die Döhne Merino Verenigings onder presidentskap van mnre. John Torr terwyl Higgs vise-president word.

Higgs vertel verder dat alhoewel daar onderling klein verskille is, die twee rasse feitlik identies is - die Döhne wat van die Duitse Merino en die Merino afkomstig is, terwyl die Walrich uit die Franse Merino en Merino geteel is.

Nou, amper 90 jaar later, pluk die nageslag nog die vrugte van 'n idee wat by twee jongmense in die Zastrondistrik ontstaan het.

~Alex Van Rensburg, Zastron, asook Fotos.



Die oorspronklike koerant uitknipsel waar mnre. T.E.M. Murray (President van die S.A. Stamboek Vereniging), links, vir mnre. C.A. Morgan (President van die Walrich tellers Vereniging), tweede van regs, gelukwens met die erkenning van die Walrich as 'n skaapras. Tweede van links verskyn mnre. Alan Higgs (Bemarkings bestuurder) en heel regs mnre. Leskie Higgs (Vise-president van die Walrich Skaaptelers Vereniging)

Thank you - Humanity

Lehlohonolo "Boza" (April 2012)

Your article touched me greatly. Your definition of humanity as being "the quality of respect, compassion and consideration for others; it's true reflection of a soulful being, is a very profound definition.

Your article, I pray, will touch the "heart strings" of many compassionate responsible citizens and community leaders in our town. For it is no longer "OK" to sit back and wait for the social structures in our town and our country to cope with the problems of abuse, rape and murder that you described in your article.

For these crimes are escalating daily here in our town. We need community involvement and support from ordinary

people, to help and stop these inhumane deeds.

The Social Services in this town is overloaded with work. They are doing phenomenal work, but they are only able to crisis manage. they can only address a few cases very week: - **What about those they cannot reach?**

I'd like to echo Lehlohonolo "Boza"s words: **"Leaders please get out of your "comfort zaone" and do something."**

"Action is a great restorer and builder of confidence."
"Any action is better than no action at all."

~Norman Vincint Peale (Coral Carter).

ATKV stel bekend die Kluitsklaplys

Ja, jy het heeltemal reg gelees, dit sou dan nou ook beteken "bucketlist". Almal van ons het tog maar daardie paar goedjies wat jy graag wil doen, maar nie by uitkom nie. Ons het weereens die afgelope maand besef dat ons net een kans kry, more is nie verseker nie.

Ons wil die kluitsklaplys uitdaging saam met die dorpsdroom en al die idees laat groei.

Kies vir jouself ten minste tien dinge en doen dit!!!!
Hier is 'n paar voorstelle en idees. Ten minste drie van die kluitsklaplys moet iets Afrikaans wees. Die ander mag enige iets wees. Hou ons op hoogte. Daar is lekker pryse op die spel.

1. Borg 'n woord in die WAT en help met die voortbestaan van Afrikaans, volg die skakel by www.wat.co.za
2. Koop twee inheemse bome, Witstinkhout, vaderlandswilg, wit of rooi kareeboom, plant een in jou tuin en gee een vir jou tuinman.
3. Leer 5 voëls ken wat in ons area voorkom.
4. Vul elke week ten minste een blokraaisel in.
5. Installeer 'n Afrikaanse spelfoutvinder op jou rekenaar.
6. Installeer 'n Afrikaanse Bybel op jou telefoon.
7. Sit 'n duidelike sigbare nommer op jou huis.
8. Leer ken een nuwe krui per maand, plant dit in jou tuin en gebruik dit in 'n dis.
9. Leer die reëls van 5 Suid-Afrikaanse sportsoorte wat jy nie ken nie, soos sokker, rolbal, snoeker of tafeltennis.
10. Leer iets nuut elke maand, 'n tegniek.

Hou hierdie spasië dop. Ons het volgende maand nog idees en meer inligting oor die pryse van die kompetisie.

dear stress,
let's break up.



Zed



Betonprodukte/Concrete products

- Lateie/Lintels (110mm & 150mm)
- Stepping stones
- Geutafoere/ Rain water channels
- Veekrippe/ Cattle troughs
- Vensterbank teëls/Window cill tiles
- Gryswater inlate/Gulley tops
- Copings
- Lugstene/Air bricks
- Veekrippe/ Cattle troughs



Kontak Danie Marais 0824405859
Wiets Marais 0731702478
21 Mathey st. Zastron

Is daar 'n mooier Kaap as hierdie?

Middernag, maar daar is geen maan of sterre, geen donkerte- slegs sonskyn. Die son, soos 'n magtige vors op sy troon, nooit vermoeid, tuur met koninklike waardigheid oor 'n luisteryke blou Hemel.

Bleek, ligroos wolkies dryf stadig verby - verander later na 'n vurige oranje. Blomme baljaar in die koel somer sonskyn. Die omliggende berge gloei in fluweelagtige pers kleure, hulle sneebedekte toppe getooi in diep karmoesynkleurige sonstrale.

Die onaardse skoonheid van hierdie rotsmassa gehul in 'n sluier van sagte miswolkies met die helderblou see-water ver benede, sluimerend in die nimmereindigende daglig, is asemrowend. Ja, dit is somer in Noorwee se manjefieke Noord-Kaap - land van die middernag son.

Ek gaan oor die Pool sirkel by Rovaniemi in Finland, hoofstad van Finse Lapland, woonplek van Kersvader. Na 'n kort besoek aan hom, gaan ek verder noordwaarts - die oneindige Tundra. Met 'n agtergrond van Berkebome en Rendiere wat teen die rante wei, is hierdie, Europa se laaste groot wildernis. Met die son wat nou vier en twintig uur per dag skyn, gaan ek by Karasjok oor die grens, tussen Finland en Noorwee, op pad na die Noord-Kaap.

By die klein vissersdorpie van Repvåg aangekom, sien jy die houtrakke waarop vis vir die winter gedroog word. Al met die kus langs tot by die Kafjord waar 'n veerboot my na die eiland van Mageroya neem. Die bootrit na Honnigsvåg, die mees noordelik gelêe dorp in die wêreld, neem ongeveer twee uur - en steeds word dit kouer.

Soos 'n ware juweel van skoonheid bak Honnigsvåg in die middagson. Koddige, ouderwetse houthuisies aan die voet van sneebedekte berge, omring die baai en oral sien jy hierdie ware Nordiese blondines met oë so blou soos die waters van die fjords.

Ten spyte van die sonskyn is dit koud wanneer ek Honnigsvåg verlaat, op pad na die Noord-Kaap. Ek kan die opgewondenheid nie onderdruk nie, as ek dink aan die wonderlike moontlikheid dat ek vanaand om middernag 'n foto van die die son sal kry. Sal ek gelukkig wees? Vele het gekom, maar baie min het daarin geslaag om die middernag son af te neem..

Nadat ek vir 'n wyle in die klein vissersdorpie van Skärsvåg vertoef het, hou ek op die walle van 'n veryste meer, by 'n Sami Kamp, stil. Die Sami's is 'n trekvolk



My veerboot nader die dorp Hönnigvåg baie naby die Noord-Kaap.


van noordelike Lapland. Alhoewel hulle oorsprong nie duidelik vasgestel kan word nie, is die oosterse trekke opvallend. Hulle kon dus moontlik van Siberië of Mongolië gekom het. By hulle kampe kan jy enige iets koop van rendiervelle tot die mooiste hout kunswerke.

Na 'n verdere reis oor sneeu en ys bedekte vlaktes kom ek by hierdie natuurlike leiklip rots wonder, die Noord Kaap, aan. Alhoewel daarna verwys word as Europa se mees noordelike punt, is die Noord-Kaap nie op die vasteland nie, maar wel op die eiland van Mageroya.

Met 'n plat oppervlak is die Kaap tipies Noorweegs - soliede granietklip, maar ook hier en daar 'n bietjie groen gras, selfs blomme wat hulle in gleuwe in die rots huisves. Hierdie plante verleen 'n onaardse sagte skoonheid aan die ruwe, onherbergsame landskap van klip en rots.

Prominent aan die omgewing is 'n klein monument wat dadelik die oog vang. Dit is die "Barn of Jorden" geskep deur sewe kinders vanuit alle uithoeke van die wêreld. In 1988 het hulle gekom en elkeen het sy eie deel bygedra - 'n simbool van samewerking, vriendskap, hoop en vreugde is gevorm.

Deur 'n ondergrondse tunnel bereik ek die groot koninklike saal, 'n massiewe kompleks gebou in en op die soliede rots. 'n Groot winkel, poskantoor en restaurant, wat 'n pragtige uitsig oor die Arktiese Oseaan bied, vorm maar 'n gedeelte van hierdie kompleks. In die groot filmsaal kyk ek na 'n 225° film wat die vier seisoene van Finmark, die gedeelte van Skandinawië, noord van die Poolsirkel, weerspieël. Die super video film wys deur klank en tonele 'n winterstorm waarin jy beland. Om jou huil die wind - vlae sneeu en ys - donkerte! 'n Wonder om te aanskou.



Die Viessersdorpje Skarsvåg, mees noordelik geleë dorpje in die wêreld.

Oeroue amfiteaters en panele wat die geskiedenis van die Kaap uitbeeld kan in die museum gesien word. Die aankoms van die eerste besoekers word met poppe uitgebeeld. Dan is daar ook die algemene Kapel wat vir



Die Foto is presies om 12 nm. vanaf die Noord Kaap, Noorwee geneem.

alle gelowe daar gestel is. Die 80 meter hoë glasmuur voorsien 'n uitmuntende tafereel van die middernagson en die arktiese oseaan.

Ek stap uit op die balkon - opgewondenheid dreig om my te oorweldig. Agter 'n dik bank wolke skuil die sonsal ek sy gesig om middernag sien? Onbeskaamd bly ek hoop.

Ek kyk af. Ver onderkant my lê die arktiese oseaan. Steil rotswande, 370 meter hoog, toring bo die seemeeue wat soos stippeltjies oor die water sweef- slegs 2000 km vanaf die Noordpool - werklik die randjie van die wêreld. Stadig tik die minute verby na middernag - die son verberg deur 'n massa bloedrooi wolke. Ver onderkant my word 'n klein vissersbootjie in 'n rooi gloed gebaai. Dit is 'n sekerteken dat die son iewers deurloer.

'n Paar minute voor twaalf breek die son deur die wolke. Oorstelp met die intensiteit van die drama wat voor my ontvou, begin ek die toneel verfilm - hoor ek in die verte 'n klok middernag aankondig. Oor die see skyn die son in al sy glorie. Soos feetjies met duisende klein lanterns, dans sonstrale in ekstase op die water - speel lustig met die wit maanhare van die golwe.

~Alex Van Rensburg, Zastron, asook fotos.



Die Noord Kaap in die verte vanaf die Sami Kamp geneem.

Iets oor voëls



Ek was die week gelukkig en het een nuwe voël gesien. Ek het 'n swerm Bergkanaries gesien. Die Bergkanarie lyk baie soos die wyfie van die Geelkanarie. Die mannetjie en die wyfie van die Bergkanarie lyk eenders.

Visarend (*Haliaeetus vocifer*): Voël van die jaar 2012.

Die oorsprong van die naam *Haliaeetus* is afgelei van die Griekse woorde *Halieos*, "visserman" en *aetos*, "arend". *Vocifer* verwys na sy harde, uitbundige roep.

Die Visarend is waarskynlik Afrika se bekendste roofvoël met 'n wit kop en bors, met 'n bruin pens en hoof vlerke. Hierdie arend het swart en bruin onder-vlerke en 'n wit stert. Die geslagte lyk eenders maar die wyfie is 10 tot 15% groter as die mannetjie. Die Visarend is tussen 63 en 73cm groot. Die vlerkspan van die mannetjie is 191cm en die wyfie 237cm lank. Die mannetjie se gewig wissel tussen 1,99 kg tot 2,5 kg en die wyfie se gewig tussen 3,17kg tot 3,63kg.

Die Visarend kom voor in Afrika suid van die Sahara. Regoor Suider Afrika, behalwe waar daar geen water is nie. Hulle kom gewoonlik voor by groot varswatergebiede, maar ook strandmere en riviermondings en is baie skaars by die see.

Pare is territoriaal. Groepe wat gesien word, is of ouers met kleintjies, of jong en subvolwasse voëls wat nog nie hulle eie gebied afgebaken het nie.

Jag gewoonlik van 'n sitplek af. Hy het sterk kloue waarmee hy sy glibberige prooi uit die water gryp en 'n sterk snawel waarmee hy sy prooi uitmekaar skeur. Die Visarend duik af op 'n vis wat by die oppervlak voed, gryp hom met sy kloue en vlieg na 'n sitplek toe om te vreet. Verkies wel vis van minder as 1 kg, maar kan maklik vis van tot 2kg dra. Swaarder vis word of oor die water gesleep, of die Visarend sak in die water in en roei kant toe met sy vlerke. Hy vreet ook aas en verskeie ander diere wat hy vang, of roof die ander voëls se prooi.

Paartyd is gewoonlik van Maart tot September, veral Junie tot Augustus. Die nes is 'n groot platvorm in die

boonste mik van 'n boom en gemaak van stokke wat met gras, papyrus pluime en blare uitgevoer is. Die nes kan ook bo op die boom geplaas word. Aanvanklik 20 tot 30 cm dik, maar tot 1,5 meter na jare van gebruik. Gewoonlik in 'n boom, soms op 'n rotslys. Een tot drie eiers, gewoonlik twee. Inkubasie van 42 tot 44 dae deur albei ouers. Die kuikens bring ongeveer 70 tot 75 dae in die nes. Die kuikens word gewoonlik deur die wyfie gevoer met die kos wat die mannetjie aandra. Is daarna vir nog ongeveer 60 dae afhanklik van die ouers.

Johan de Swardt



'n Visarend

www.wildlife-photo.org



Now open in Sterkspruit: Riverside Mall Shop No 8

Our service to you

Digital Copiers	Paper and Stationary
Colour Copiers	Duplicators
Point of Sales	Furniture for Office use
Cash Registers	Facsimiles
Computers	Networking
Printers	Internet Café
Calculators	CCTV Schools and Businesses
Repair of Computers and printers	
Upload of software and Antivirus	
Typing and Printing of any Documents	
We will pick it up at your home or work and deliver it back to you	
Contact Gerhard at 0827124744 or Kevin at 0763524862	

Droom vir Suid Afrika

saam met RSG se Amore Bekker en Bonnievale

Die Droom se primêre fokus is op die opgradering en verfraaiing van die dorp. Die resultaat was dat baie van die sekondêre probleme wat ons dorp ondervind het, nou automaties bygelê is. Toerisme, misdaad, rommelstrooi en omgewingsbewustheid het alles 'n positiewe nadraai gehad. Interaksie tussen verskillende groepe is bevorder en trots is gekweek.

Die stappe wat ons moet volg om deel te neem aan die Droom veldtog.

(Merk die punte af in kronologiese volgorde soos ons deur die projek gaan.)

1. Registrasie.
2. Beplanningsfase.
3. Projekte identifisering.
4. Google map.
5. Munisipale voorlegging.
6. Taak uitvoering.
7. Taak voltooiing.

Waar gaan ons geld kry om dit als te doen?

- Onthou daar is altyd geld... as dit nie in jou geval so is nie, onthou die volgende... daar is altyd geld. Daar is regtig orals geld, jou ingesteldheid moet net reg wees.

- Kom ons kyk wie het almal geld:

- Ten eerste die wat nie geld het nie, het tyd en tyd is geld!
- 'n Besigheid gaan maklik geld op homself spandeer.
- Die Polisiebevelvoerder kan aansoek doen vir opgraderingswerk by hulle kantore.
- Die landros, biblioteek en al die instansies kan almal by hul departemente aansoek doen.
- Die munisipaliteit gebruik sy bedryfsbegroting.
- Al daardie politieke amptenare, laat hulle hul sakke skud. Dis immers hulle gemeenskap wat vir hulle gestem het en hul sakke vul.
- Lotto, probeer hulle, Bonnievale het reggekam.
- Laat mense oortollige bome en plante uit hul tuine uithaal en na 'n versamelingspunt toe bring om in publieke oop ruimtes te plant.
- Die munisipaliteite het en is verplig om 'n vergroeningsbegroting te hê, as ons nie dit vra nie gebruik hulle dit vir iets anders.
- As daar besighede is van buite wat groot kontrakte in die dorp het, laat hulle ook sak skud. Bonnievale het so 'n boukontraakteur 'n brugmuur in die dorp laat bou.
- En as jy op die ou einde als bymekaar tel gaan die som jou verras. In Bonnievale het die gemeenskap R4.5 miljoen op hulself geherinvesteer sonder dat daar 'n sent deur die Droom gegaan het.

Zastron forum wil baie graag by hierdie droom vir Zastron ook betrokke raak en ons vra enige voorstelle en idees. Kontak ons gerus! Kontak Annelize by 082 499 2361 of Tossie by 082 571 5159.

Uit eie Tuin

Dit was nou 'n kweper-jaar soos min! Die kwepers het welig aan die bome gesit en die vrugte was besonder mooi en gesond. Die spens se rakke staan nou vol heerlike kweperprodukte. Daar is konfyt, ingemaakte kwepers, smeer- en natuurlik vir die wat kán, kweperjellie.

'n Baie maklike manier om kwepers te verwerk vir latere gebruik is om dit te bak. Sny die skoongeskropte kwepers in ringe en pak dit in lae in 'n oondpan. Tussen elke laag vrugte, strooi 'n half koppie suiker. Sprinkel sout en gooi ook so driekwart koppie water oor die vrugte.

Maak die pan styf toe met foelie en bak dit in die oond by ongeveer 150 grade C vir twee tot drie uur. Die kwepers is diep rooi as dit gereed is. Haal uit en pak dit in warm gesteriliseerde flesse. Dit smaak heerlik saam met wild! Van die laaste kwepers maak jy lekkers en smeer. Sny die kwepers in stukke en verwyder die middelste gedeelte en die pitte.

Kook als en wanneer dit sag is maak dit fyn tot 'n moes. Meng die moes met die suiker. Ongeveer 'n halwe koppie suiker vir een koppie moes. Proe en voeg nog suiker by indien nodig. Gooi die moes uit op 'n tafel waaroor 'n plastiese lap gegooi is. Die bye en vlieë kan lastig wees. Sit 'n sif of gaasdoek bo-oor die vrugte. Sit die tafel op 'n sonnige plek.

Wanneer die vrugte droog is, sny dit in stroke en rol op in rolletjies. Dit hou lekker lank in 'n lugdigte houder.

Lekker eet!

Dames tee deur NG Kerk Agapé groep op 16 junie

Die NG Kerk Zastron se Agapé groep bied op 16 Junie 2012 'n dames tee in die NG Kerk Kerksaal aan. Die gasspreker is Dr. Jannie Pretorius, ontdek jou en jou gemeenskap se potensiaal.

Kaartjies is by die kerkkantoor en die bestuurslede van die Agapé te koop teen R50 per persoon. Die tee word op jeugdag aangebied en daarom wil ons graag die jeug betrek. Ma's en dogters word uitgenooi om saam 'n tafel te neem en as gasvroue op te tree. Almal is welkom.

Cryptic Clues: Here is the second instalment of cryptic clues and the answers to last months'. How many did you get right? It's fun! Enjoy!

NO	CRYPTIC CLUE	EXPLANATION
1	24 H in a D	24 hours in a day (EXAMPLE)
2	26 L of the A	26 letters of the alphabet
3	7 D of the W	7 days of the week
4	7 W of the W	7 wonders of the world
5	12 S of the Z	12 signs of the Zodiac
6	66 B of the B	66 books of the Bible
7	52 C in a P (WJ's)	52 cards in a pack (without Jokers)
8	13 S in the USF	13 stripes in the US flag
9	18 H on a GC	18 holes on a golf course
10	39 B of the OT	39 books of the Old Testament
11	5 T on a F	5 toes on a foot
12	90 D in a RA	90 degrees in a right angle
13	3 B M (S H T R)	
14	32 is the T in D at which W F	
15	15 P in a RT	
16	3 W on a T	
17	100 C in a R	
18	11 P in a F (S) T	
19	12 M in a Y	
20	13 = UFS	
21	8 T on an O	
22	29 D in F in a L Y	
23	27 B in the N T	

1981 & 2005 - Two Interesting Years..

Interesting Year 1981

1. Prince Charles got married.
2. Liverpool crowned soccer Champions of Europe..
3. Australia lost the Ashes.
4. The Pope died.

Interesting Year 2005

1. Prince Charles got married.
2. Liverpool crowned soccer Champions of Europe..
3. Australia lost the Ashes.
4. The Pope died.

Lesson to be learned:

The next time Charles gets married, someone should warn the Pope.

Poeierkwas



Vry radikale

Die konsep van vry radikale is 'n ingewikkelde ding, maar as 'n mens dit verstaan kan jy baie skade aan jou vel en jou liggaam voorkom.

Die woord 'vry radikale' duik deesdae al meer in die skoonheidswêreld op. "Wat beteken dit?": wonder sommige van ons.

Vry radikale is 'n neweproduk van normale sel-metabolisme. Dit ontstaan egter ook a.g.v. omgewings-faktore soos:

- Emosionele stres
- Oorwerk
- Rook, gasse, rookmis besoedeling
- Gebrek aan rus
- Swak dieet
- Alkohol
- Oormatige blootstelling aan die son
- Blootstelling aan toksiene (gifstowwe)
- Siektes


Bogenoemde het alles 'n uitwerking op jou vel en jou gesondheid. (Terloops die vel is die grootste orgaan in jou liggaam!) Agv genoemde faktore vorm daar dan vry radikale (dit is atome, ione en molekules met een of meer ongepaarde elektrone in hul chemiese formules). Vry radikale is baie onstabiel en weefselbeskadigend. (tensy 'n elektron prysgegee of 'n ekstra een bekom word) Vry radikale val die gesonde selle in jou liggaam aan en die produksie van kollageen in jou vel word so vertraag. Met die afbreek van kollageenweefsel en hialuronsuurmolekules verloor jou vel sy fermheid en plooië begin vorm. Beide is verantwoordelik vir volume, soepelheid en weerstand in jou vel.

Hoe nou gemaak om die werking van die vry radikale in ons liggame te stop? Hou Poeierkwas volgende maand dop – want dan gesels on oor anti-oksidente en hul uitwerking op vry radikale.

Tot volgende keer,

Anlie (Carmé Velsorgkliniek, 082 934 35 29)

Lees Laissez faire



Hello daar al julle boekevatters!

Het enige van julle toe darem Deon Meyer se "7 Dae" onder oë kon kry?

Moet sê ek is nou nie eintlik 'n skop-skië-en-boomklim aanhanger nie, maar Anri se opinie was wraggies in die kol! As 'n boek eers die Bybel in dikte oortref, sak my moed sommer in my skoene. (So 'n swaar boek val mens ook wakker as jy onder die geskifte bietjie insluimer!) Maar hoe dit ook al sy, Meyer het my ingekatrol soos 'n weerlose ou vissie – hook, line & sinker – soos mens op goeie Afrikaans sou sê!

Ek kon die blerrie boek net eenvoudig nie neersit nie en het selfs 'n Sondagaand fliek prysgegee om net agter die kap van die byl te kom! Beslis die moeite werd om te lees.

My rolmodel het ons dorp besoek. Ek weet nie of dit nog heeltemal toepaslik is om op my ouderdom 'n rolmodel te hê nie, maar noem dit dan wat jy wil, maar ek laaik prof. Jansen kwaai! En dit is NIE net omdat hy die beste rektor van die beste universiteit in die land is nie, sy lewensuitkyk fassineer my ongelooflik.

Daarom het ek dit goed gedink om hierdie maand bietjie na een van prof. Jonathan Johnson se boeke te kyk. "Van bokdrolletjies en rosyne" is 'n bundel van rubrieke waarin hy verskeie onderwerpe takel en kaalkop aanspreek. Prof. Jansen het baie deugde, maar doekies om-draai, is beslis nie een daarvan nie. (Wat seker opsig self 'n deug is!) Hy verduidelik mooi die hele Reitz-drama en gee spesifieke redes vir die wyse waarop hy GEKIES het om dit te hanteer, ten spyte van al die teenkating wat hy vooraf geweet het hy sou kry. So praat hy ook oor apartheid en die letsels wat dit gelaat het. Op hom ook. Maar amper in dieselfde asem vertel hy ook hoe swartbemagtiging 'n swak praktyk is. Soos wat

mens lees kry jy regtig die gevoel dat hy baie objektief staan teenoor eina-kwessies. Kwessies vir wit en swart. (en dan ook natuurlik vir die gekleurdes tussen-in!)

Die onderwys en ons kinders lê hom baie na aan die hart. Hy kritiseer onomwonde die sisteem. En hy het, myns insiens, 'n hele paar briljante, WERKBARE planne as oplossings. Hoekom hy nog nie die minister van onderwys is nie, gaan my verstand te bowe!

Hierdie boek gee beslis BAIE stof tot nadenke – jy word hier en daar hard oor die vingers getik en net op die volgende bladsy smeer sy empatie salf aan jou seerplekke. Dit is 'n boek wat jy moet koop. Jy gaan dit proeseltjie-vir-proeseltjie weer wil gaan opkyk om daaraan te herkou.

Soms maak hy my briesend! As hy aan hartsskatte – soos die Springbokrugbyspan – begin torring, sal ek hom kan verwurg. Maar as hy dan net in die volgende hoofstuk onomwonde verklaar dat sy universiteit se toelatingsver-eistes SAL verhoog, ten einde kwaliteit gegradueerdes te kweek, vermurwe die hart so dat hy dadelik vergewe is. Ek vermoed dat prof. J. Suid-Afrika se nuwe Madiba kan word (en dit is my objektiewe opinie!)

Lees gerus vir proffie J en sing dan saam duisende studente: “Ma, ek wil ‘n KOVSIE wees!”

Tot wederom – LEES!

Retha

CHAMPION DISTRIBUTORS

4 Mathey Street
Zastron

TEL/FAX 051-673 1773



Verskaffers van MEDAL verf

- Hardware & building material
- Dress Material
- Cement
- Gas

Ons streef daarna om altyd u as kliënt tevrede te hou!

As ons dit nie het nie....kry ons dit!

KONTAK: Hendrik / Martina / Nico vir persoonlike diens!



NAUDE EN RADEMEYER BK h/a

ZASTRON APTEEK/PHARMACY

Reg nr: 2004/014393/23

Posbus 400

Zastron

9950

Tel/Faks: 051-6731355

Reichenberg str 41 A

Zastron

BTW nr.: 4240203770

E-pos: pc.naude@mweb.co.za

U WELSTAND IS ONS
VERANTWOORDELIKHEID !

YOUR WELLBEING IS OUR
RESPONSIBILITY !

PC Naude

Lede: PC Naudé B Pharm (Potch)

Paas-jubelfees

‘n vreugde vir die oor!!!

Op Sondag 22 April 2012 was daar ‘n heerlike sielsvoedende geleentheid in die NG kerk Zastron. Die paas-jubelfees was hoofsaaklik die breinkind van Philip Kruger, die orrelis. Hy is bygestaan deur die skoolkoor van Lere La Thuto, Soliste Leendert de Jager en Henrietta Havenga, op die dwarsfluit Luze Fouche en die skool se “Band”.



BKB

- **Wol en bokhaar**
- **Lewende hawe**
- **Eiendomme**
- **Handel**
- **Finansieringsdienste**

Handelstak: 051 673 1171 Frikkie Landman 082 458 6099
 Skeerdiens: 051 673 1528 Johannes Pienaar 082 772 2598
 Vesel (Wol): Louis de Jager 082 829 8510


Tuiste van Landbou

herd **nk**.herwin

Email: www.bkb.co.za

Two tips involving Muffin-pans

1) Turn your muffin pan upside down, bake cookie-dough over the top and voila – you have cookie bowls for fruit or ice-cream.



2) A muffin pan becomes a craft caddy. Magnets hold the plastic cups down to make them tip-resistant.



Resepte:

Dit was absoluut 'n voorreg om saam met tannie Moira te werk. Vir die drie jaar wat ek saam haar gewerk het, is ons hier by Sqaures verskriklik baie bederf. Gereeld is ons verras met sjokoladekoek, skons en beskuit. So het ons ook baie resepte uitgeruil. Hier is twee wenresepte wat julle beslis, soos ek, byderhand moet hou, want glo my, ek gebruik die resepte baie!

Moira se "Bran & Cream" Beskuit

1 kg bruin bruismeel
 500 g margarine
 1½ kop suiker
 2 kop semels
 1½ tl sout
 1 kop klapper
 500 ml room (kan 250 ml room en 250 ml melk ook gebruik)

Smelt botter en voeg room by, laat effens afkoel. Meng al die ander bestandele en voeg roommenseel by. Druk vas in pan en bak 1 uur op 180 °C.

Stampmielies vir braaivleis

250 ml (1kop) Stampmielies (ek vat 2 kop)
 750ml (3 kop) Water
 187ml (¾ kop) Melk
 Week stampmielies oornag in water. Dreineer water, spoel goed en kook saam met 750 ml vars water vir 3 ure tot sag. Voeg nog water by gedurende kookproses indien nodig. Voeg melk by en prut oor lae hitte vir 20 min.


Vleismengsel: (6 porsies)

Bietjie olie
 2 uie gekap
 2 knoffelhuisies gekneus
 250 g (1 pak) spek in blokkies
 250 g (1 pak) sampioene in skyfies
 1 groen soetrissie in blokkies
 1 rooi soetrissie in blokkies
 2 tamaties gekap
 2.5 ml (½ tl) mosterdpoer
 Knypie rooipeper
 2.5ml (½tl) sout
 Varsgemaalde swart peper
 250 ml (1 kop) cheddar kaas gerasper

Verhit olie in groot kastrol en soteer uie en knoffel vir 'n paar minute tot sag. Voeg spek, sampioene en soetrissies by en braai nog vir 5 min. Voeg stampmielies en oorblywende bestandele by en laat prut oor baie lae hitte vir 8-10 min. Sit warm voor saam met braaivleis.

Mirna Barnard

Professor Jonathan Jansen visits Lere La Thuto



Prof. Jansen with the children that he loves so much


Photo: Supplied

The ATKV Zastron has arranged that Professor Jonathan Jansen, rector of University of the Free State, visit Zastron schools on 24 April 2012 to motivate the staff and learners. His visit started with tea and a snack. He addressed the staff and was very happy to find the student teachers from CUT, who is doing their practical teaching at our school. His message for the educators was that the educator, who cares about the wellbeing and performance of learners, will assure quality leaders for the future in our country.

The second part of the program was the part that Professor Jansen loves the most – to work and address children. He started his presentation by telling the learners an interesting part of the story of his life. As a young boy his parents struggled to educate him, his brothers and sisters. His message to the learners was clear; learners must do what is expected of them – learn and maintain high norms and standards. They must not waste their time with things that are meant for adults and which adults struggle to handle, such as sex, babies and liquor.

The chairperson of the RCL (Representative Council of Learners), Onke Mgawuli,

thanked Professor Jansen for his visit to Zastron and our school. As Professor Jansen walked out, he still had interaction with the learners and handed out sweets from his bag. He




Prof handing out sweets while leaving

Photo: Supplied

greeted them by clapping their hands.

What an inspiring day and visit by a visionary leader and educator. We thank the ATKV Zastron for arranging this fantastic opportunity to be addressed by Professor Jansen.



Onke Mgawuli thanking Prof. Jansen *Photo: Supplied*



Prof. Jansen *Photo: Supplied*

Life Dojang se naam verander

Die Life Dojang se naam het verander na WHITE TIGERS. Die rede vir die naamsverandering is dat Sir Niel van der Merwe respek wil betoon aan Master Lisa Coetsee-Hugo, wat baie vir ons dojang doen en beteken. Die Life Dojang was nog al die tyd onder die beskerming en leiding van Master Lisa en die White Tigers.

Die voordeel vir die Zastron krygskunsklub om as die White Tigers te funksioneer, is dat ons klub nou direkte leierskap deur 'n vyfde Dan instrukteur. Daar is verskeie tweede en derde Dan instrukteurs wat saam met Master Lisa oefenkampe kan doen en ons studente sal help af-rig.

Die White Tigers gaan verseker ook voordeel uit die samesmelting trek. Die klub se ledetal groei, wat daartoe sal lei dat die White Tigers een van die grootste dojangs in die land sal wees. Dit gee ons ook meer bedingingskrag vir toekomstige toernooie en afrigtingskursusse.

Ons hoop en glo dat die samesmelting sal verseker dat die standaard van ons studente verder sal verhoog en hul prestasies in toernooie dit sal wys. Die volgende toernooi is op 12 Mei in Bloemfontein. Ons wens die student wat daar gaan deelneem sterkte toe.


Douglas Mac Kay

Under 17 Syrac League

The Syrac under 17 soccer league for both boys and girls started on 25 April.

The first round was between Relebohile Sibulele Secondary School from Smithfield and Lere-La-Thuto (Host) from Zastron. The Lere La Thuto girls lost by two goals to zero and the Lere La Thuto boys won by two goals to zero. The goals were scored by Anele Adoons and Xolile Dubayi.

We are looking forward to an exciting under 17 soccer league this season. We hope the boys will build on their good performance and the girls will show some commitment in future matches.



The goal scorers Xolile Dubayi and Anele Adoons

Photo: Supplied



Lere La Thuto's ladies management team excel

During November 2011 there was a capacity building workshop for female school managers at Gariep Dam. All our lady management members attended the workshop. They are Mrs Dingaen (Deputy Principal), Miss Litabe (HOD), Mrs Magengenene (HOD), Mrs Sesedi (HOD) and Miss Shasha (HOD).

The workshop was about aspects like financial-, curriculum-, human resource- and time management. Emphasis was put on planning, implementing, monitoring and control.

The certificates for the successful completion of the workshop were received from the Department of Education during April and it was handed over during an assembly period at school by Mr. Mac Kay the principal, on behalf of the DoE.



From Left to right: Miss Litabe, Mrs Dingaen, Mrs Sesedi and Mrs Magengenene. On the insert is Miss Shasha, who attended a mathematics workshop on the day the photo was taken.

Photo: Supplied

3

Renier se 'Fabelagtige Verkyber.

Besier as Renier se verkyber, was daar nie een in die hele land nie. Op 'n dag sien hy daarmee 'n pramke boedoe-bul onder 'n koelteboom staan. "Ek gaan dadelik uit skerloop haal en laat hom 'n goeie skoot," vertel hy. "Ek bekruip die bul versigtig tot op 'n goeie trefafstand. Ek brand los en daar lê die bul. Toe ek by die boedoe kom, sien ek dat dit 'n pragdiertjie is met wonderlike harings. Ek besluit om die vel en die harings te haal as verrisping en laat Boesman die vel sorgvuldig afslag. Die harings het ek netjies uit die kop gekap met my veldbyltjie. Boesman sou die bul versigtig hui toe neem. Die vel wou ek in my saalsak stee, maar vind dit veel te groot. Boesman en ek hang dit toe in die boom, neem my verkyber en ~~en~~ kyk lank daarmee na die vel, maar van die omgekeerde kant af, en soulaas, dit het die vel so lank bring dat ek dit maklik in die saalsak kan stee!"

By 'n ander geleentheid was ek op die hoogste punt van Oosvaalberg en besluit toe dat ek Kaapstad 'n bietjie wou bekijk deur my verkyber. Ek kon duidelik sien dat daar 'n menigte mense op die strand was en 'n groot orkes was besig om te speel. Die verkyber het hulle so naby gebly dat ek die musiek duidelik kon hoor!

Samuel Johnson News: April 2012

A man with a vision, a motivator, a true educator – who? Professor Jonathan Jansen of course! We were so honoured having prof. Jansen (rector of the University of the Free State) in Zastron, especially at our school. After motivating the staff, he also addressed our learners in his own humoristic way. Thanks professor, our motto will always be “good, better BEST”!

Freedom Day was celebrated in style at the Le-re-la Thuto School hall. Representatives of all the Zastron schools were present - principals, learners and educators. Mr Phekonyane (Director: Values in Education) addressed the learners, telling them about his experiences on Robben Island. He urged them to make responsible choices, and to honour the people who had fought the struggle for a free South Africa. Thanks to Me Maphaha, Mr Rabale, the public speakers and the choir who contributed to a successful programme.

We are also very proud to say that some of our learners were involved in the analysis of the state address on education by the State President, Mr Zuma. This was presented by the Government Communication and Information System. Our learners held our name high, once again!




Me Maphaha, Samuel Johnson's "state address analysts" and Mr Molefi Mabile (Matlakeng Library).

Photo: Supplied




Kamohelo Chabedi, the RCL chairperson, giving her view about "freedom".

Photo: Supplied



Nthebaleng Dangala and Siphomandla Makhosonke who took part in a cultural drama at the Freedom day celebrations.

Photo: Supplied



Me Charmaine Smith and prof. Jonathan Jansen.

Photo: Supplied

Zastron Skole – Van Toeka Tot Nou

Saamgestel deur mev. Zouna Fonternel.

Herrinneringe van Anniesdal: vervolg

Dr N.A Coetzee, wat van 1933 af op Anniesdal ondewys gegee het, vertel verder van al sy wedervaringe:

Aasvoëlberg

“Op Zastron het ek die berg opgestap om die groot gat in die rots van nader te beskou. ‘n Besoek aan de Winnaar se woning het my laat dink aan die stories wat hy vertel het, soos van hoe die duiwel die gat in die rots geslaan het toe die dinamiet in die pyp wat hy moes rook, ontplof het. Hy het glo net hard gehoes.

Onderwyserswoning

“In 1934 het die onderwyserswoning beskikbaar geword omdat Anton Deetlefs besluit het dat hy vir mediese dokter gaan studeer en die onderwys gaan bedank.

Ek, saam met die ander assistant onderwysers en onderwyseresse het met die goedkeuring van die skoolkomitee en die skoolhoof, meneer van Rensburg, daar ingetrek. Ons was almal nog ongetroud. Ek en meneer Grobbelaar was die huisbeskermers. Die dames was Lettie Brandt, Hettie Diederiks en Ann Beukes. Meneer van Rensburg het by Oom Koos van Tonder aangebly.

Lettie Beukes was die suster van ds. Brandt van Kaapstad. Sy was ‘n ouerige dame van goeie aansien, sodat die ouers van die skoolkinders geen beswaar gehad het teen die saamwoon van die ongetroude personeel nie. Ons het ons eie kos gekoop en voorberei. Ek het die boekhouding gedoen. My riempiesbed wat ek vroeër gemaak het is nou in gebruik geneem. Toegerus met ‘n klapperhaar matras het ek heerlik daarop geslaap. In September 1935 toe ek weg is, kon ek die bed nie saamneem nie, ek het dit net so daar in die manskamer gelaat.

Die Thoms van Minnehaha

“Ek het ook kennis gemaak met Herklaas Thom en sy vrou Bybie wat op die plaas Minnehaha naby die skool gebly het. Ons het baie goeie vriende geword.

“Herklaas Thom se woonhuis was onder ‘n groot en hoë berg met groot rotskoepels. Een naweek was hulle Zastron toe, en met die terugkom lê daar ‘n groot rots, so groot soos ‘n huis, naby hul plaaswoning. Dit het bo in die berg losgebreek en tussen die varkhok en die strooise verby gerol.

“Van Minnehaha se huis af kan ‘n mens Vegkop goed sien. Eendag het ons net ‘n stofwolk teen die berg sien

trek, soos ‘n groot rots daar afrol.

Aardbewing

“Daar was op Anniesdal en omgewing in 1934 ‘n aardbewing wat ‘n paar sekondes aangehou het. Dit was vir my ‘n vreemde ervaring om die wêreld onder my te voel bewe.

Graf

“Aan die voet van Vegkop was daar ‘n graf. Die ysterkruis daarop se inskripsie het gelui: ‘Here lies Gunner Kenny. RIP. For Queen and Country’. Dit het dateer uit die Vryheidsoorlog van 1899 – 1902. Jare later is die graf oorgeplaas na ‘n sentrale begraafplaas vir Britse gesneuweldes. [Waarskynlik na Aliwal-Noord].

Sandsteen

“Die skoolgebou was van sandsteen gebou. Daar was ook ‘n woning waar assistant Anton Deetlefs en sy vrou en die paar dames assistente gebly het. Die skool was naby die groot berg, Vegkop. Dit was voorheen die vesting van een van Mosjes se groothoofde, genaamd Mochudi. Die ruïnes van hul huise het destyds nog op Vegkop bestaan.



Buckley's
smithfield
simply great food

Restaurant / Coffee Shop / Art / Gift Shop / Antiques

**Freshly
Ground
Coffee**

**Mocca Java
Jamaican
Virgin**

**European
Espresso
Decaf**

**Guatemala
Ethiopia
Kenya**

VERLAQUE
Life is for tasting

Sundried Mango and Chili Balsamic
Sundried Turkish Fig Balsamic
Sundried Marula and Chili Balsamic
Wild Flower Honey & Balsamic
Fresh Passion Fruit Balsamic
Cape Lemon Olive Oil
Sweet Basil Olive Oil
Pinotage & Pear Wine Jelly
Burnt Orange Seville Preserve

**J & E
Living**
* Spoil Yourself *

hand and body lotions
liquid soaps
bubble baths
olive oil enriched soaps
hand body and foot scrubs
candles in frosted glass jars
bath crystals
fragrance oils

Please Book for Dinner and Sunday Lunch

051 683 0021

3 Zastronners @ Durbs

Dit is nou onomwonde bewys!

Jy hoef beslis nie in een of ander grootte stadskool te wees om jou merk te kan maak nie!

'n Volle D R I E Zastron-lote is ingesluit in die 2012 Vrystaat Atletiekspan vir laerskole, wat tydens die Sasolburg-atletiekbyeenkoms verkies is.

Hulle is dan ook genooi om, saam met die res van die Vrystaatspan, aan die Suid-Afrikaanse Atletiekbyeenkoms te Durban deel te neem. Hierdie glansbyeenkoms is in die Sharktenk gehou van 21-23 Maart 2012.

Die drie atlete wat ons dorp trots verteenwoordig het, is:

- Wiané Marais - dogters 0/12, skyfwerp.
(Hoërskool Zastron)
- Schalk-Willem Visser - seuns 0/13 hoogspring.
(Hoërskool Zastron)
- Nthabiseng Makhetha - dogters 0/12 1200m.
(Public Primary School)

Dit was 'n baie spesiale ervaring vir hierdie drie atlete - hulle het hulle baie goed van hierdie taak gekwyt. (Ons kon sien dat hulle wortels diep in Zastron-aarde geanker is!) But as if this was not honour enough bestowed on our little town, Ntabiseng did us an even bigger pleasure - she won the bronze medal!

(Sorry boys, you can try as you want, this girl will not be caught - she is the third fastest 12 year-old girl in the country and she can keep up the pace for 1,2km!)

Congratulations to her, but also to her trainer, me. N.C. Mpeti, teacher, mentor and diligent coach of Public Primary - your hard work has indeed been rewarded!

Hierdie atletiek seisoen het beslis op 'n hoogtepunt afgesluit en ons sien uit daarna om hierdie (en nog vele ander) atlete in die toekoms dop te hou!



Die drie Atlete: Wiané Marais, Schalk-Willem Visser en Nthabiseng Makhetha

Foto: Verskaf


Skoolgesondheid

Skoolgesondheid het in April in Zastron met 'n groot knal weggespring. Die twee grootste laerskole, Zama Primêre skool en Zastron Publieke skool, is eerste besoek. Al die Gr. R leerlinge is ondersoek deur die klinieksuster en 'n arbeidsterapeut. Die kind se algemene en fisiese welstand, asook sy motoriese vaardighede is geëvalueer.

Die kliniek het die res van Zastron se skole in Mei besoek. Vroeë intervensie word gedoen om probleme te identifiseer en so gou moontlik aandag daaraan te gee. Hoe gouer die probleem aangespreek word, hoe beter die diagnose.

Die winter is op hande en dan steek verskeie siektes weer kop uit. Laat die kinders warm aantrek en gesond eet. Vitamienaanvullings kan ook hul immuunstelsel opbou. Onthou, lag 'n slag laat die dokter wag.

Zastron Slaghuis



Anton en Leon
Scorrano

U VARSVLEIS-
VERSKAFFER

Nou in voorraad
Silwer skoon
gekrapte skaap afvalle

Presto Aquabita Servizio • Vinnige betroubare diens

Faks en Tel. 051 673 1020/673 1331

Hoofdstraat 25, Zastron

Na ure - 051 673 1534 of

051 673 1560

Dit is nie hop-huise nie

Gedurende die afgelope paar maande is vyf vlermuiskaste en vyf uilkaste gemaak om 'n paar rand vir verwaarloosde honde bymekaar te maak. Groot is die teleurstelling van die persone wat kaste opgesit het en dit staan nog steeds leeg sonder die bedoelde inwoners.

Hoekom sou 'n vlermuis nou 'n lekker warm tuiste onder 'n dak vir 'n vreemde kas verruil? Die huiseienaar is die een wat 'n veradering wil maak deur van hulle ontslae te wil raak en hy sal die inisiatief moet neem. Die algemene raad is om hulle uit te dryf deur iets met 'n skerp reuk op die plafon te sit. Kakiebos, formalien (giftig), chloor, diesel en selfs naftaleen motbolletjies is al gebruik, maar dan moet die gebou 'n plafon hê en nie te lugdig wees nie. Waar daar nie 'n plafon is nie kan 'n paar skerp ligte oornag probeer word. Onthou net dat dit nou winter word en hulle gaan in 'n winterslaap. Die lente is waarskynlik die beste tyd vir die vlermuise om uit te trek, maar hulle kan 'n wil van hul eie hê.

Vir die meeste mense is 'n uil 'n groot voël met "ore" en groot oë en wat HOE-HOE sê. In Suidelike Afrika kom nie minder as twaalf soorte uile voor nie. Volgens verspreidingskaarte mag vier soorte in ons omgewing voorkom, maar die mees algemene is die Gevlekte ooruil en die Nonnetjies uil. Volgens die planne wat kenners vir uilkaste publiseer, verkies Nonnetjies uile 'n meer toe kas met 'n landingsplek voor die ingang. Ooruile daarenteen verkies 'n meer oop kas wat so in 'n boom geplaas is dat die kleintjies op die takke kan rondklouter. Omdat die uile se dieet verskil en die dorpsomgewing meer geskik is vir ooruide, is al die kaste vir dorpsuine vir ooruide. Die broeityd en gewoontes verskil ook, maar meer daaroor by 'n volgende keer. Hou net moed. Onthou, dit is nie HOP-huisies nie – hulle word nie betrek so vining as wat hulle gebou word nie.

TB awareness month

March was TB awareness month. Matlakeng clinic personnel did health talks at various schools in the community. All talks emphasized the signs and symptoms of TB, right way of coughing and how to prevent TB from spreading.


TB is transmitted by the airborne route. It is passed on from person to person. When a person who has TB coughs, sneezes or spits, germs are spread into the air from where they can be breathed in.

Signs or symptoms of TB are; A cough for longer than 3 weeks, chest pains, tiredness and weakness of the body, poor/loss of appetite, weight loss, night sweat, even when it's cold, and coughing up blood.

By holding your hand in front of your mouth when coughing, you can reduce the transmitting of the disease with 50%.

TB can be prevented by: Immunization of babies within one year of birth, eating a balanced meal (meat, fish, eggs, milk, brown bread, maize meal, vegetables and fruits). Alcohol should be avoided, stop smoking, get sunshine, fresh air and a clean environment.

Let us all work and strive together for a TB free generation!



Klein begin, groot gewin

Netjies staan Blondie en petroljoggies by die houer waarin net leë olie-blikkies vir herwinning gegooi word. Lees elders in die Zastronner van die Droom vir Suid-Afrika-projek wat deur Theuns Coetzee van Bonnievale, Amore Bekker van Tjaila-tyd op RSG en die AHI begin is. Die Zastron Forum, met hopelik die entoesiastiese ondersteuning van Zastronniers en Matlakengers, gaan deel wees van hierdie droom. Die blikkie-houer is die eerste van die klompie wat oral vir herwinning gebruik gaan word. Dit is 'n klein begin, maar 'n begin. Lees meer oor die Groot Droom en herwinning in die volgende uitgawe van Zastronner.



Good things come
to those who
wait.
But better things
come to those who
work for it.

Memories of the Karoo

As my days lengthen, the memories of childhood in the Karoo wash over me as colours painted on canvas woven into the tapestry of my mind.

Pictures of endless vistas of the Karoo where mirages appear on hot summer days, where the dust-devils whirl, lifting fingers up into the deep blue sky.

The pictures of my mind enhanced by the smells from my young life. The fresh tang of white-washed walls, venison and the crackle of crusty bread, the racing of wind in the big Pepper-trees in front of our house and the blessed beat of rain on the roof.

In the cooling of the afternoon we would go for walks along the dusty farm road. Happy children and bouncing dogs with the going-down sun behind the koppies in a blaze of colour and the veldt perfumed with herbs and Karoo bush, with the prancing Springbuck and dancing Blue Cranes. What more could a child of nature want? And I loved it!

To quote the beautiful poem by Percival Gibbon, "Great Karoo":

"Years and years I trekked across it, ridden back and fore till the silence and grandeur ruled me to the core!"

Helen Dixon

Common sense is not a
gift, it's a punishment.

Because you have to deal
with everyone who doesn't
have it!

The Zastron Garden Club

Our next meeting will be held on Sunday, 12 May 2012 at 10:00 a.m. Please bring seeds and plants to exchange.

We had a very interesting meeting at the home of Agnes and Rocky. He gave an interesting talk on lawns.

Remember to shelter your delicate plants. Enjoy your garden.


Helen Dixon

The Indian Rope

On his eventual return to the bosom of his family, Father told us the most wonderful tales of the East, and it seemed to us to fulfil all the exciting pictures that we had seen in books or been told by my mother. He told of how one day, he had been out exploring, when he came upon a group of people gathered about a swarthy wild man.

Producing a length of rope from a sack over his shoulder, the man had thrown the rope high into the air, and as it formed a straight column, round the corner had come a young lad, screaming in fear, being pursued by another evil looking character. Grasping the rope, the young boy had climbed up out of sight with the villain of the piece in hot pursuit and the cries of the lad could be heard as they climbed out of reach. To the horror of the onlookers, a trickle of blood began to descend the rope, but before they could take any further action, the young boy and his partner in crime appeared out of the crowd, none the worse for war.

Helen Dixon



Onttroon China dalk vir Afrika?

"Out of Africa always something new" is die ou gesegde wat altyd die "Daar is niks nuut onder die son nie" wou verkeerd bewys. Miskien is dit ons nabyheid aan Afrika en historiese bande met Europa wat maak dat die Chinese se doen en late soms so vreemd voorkom.

In die Wolboer van November 2011 word vertel van die ryk Chinese wat nou 'n baie skaars skaapsoort as troeteldiere en beleggings aanhou.

Die Dolan is 'n skaars Asiese skaapras waarvan daar nog net meer as 1000 oor was - dit voordat hulle so gesog geraak het. Kyk jy na die foto, is dit nie juis 'n mooi skaap soos ons skape ken nie. Hulle bene is besonders lank en die skaap het 'n groot vet stert. Die ram se kop kom tot by sy eenaar se skouer, maar gemeet aan die motor (luuks!) waarby hulle staan, is hy self nie baie lank nie.

Die belangrikste eienskappe waaragter die Chinese is, is die skape se krom neuse en groot hang-ore hoe krommer en hoe langer hoe beter.

Die donker vag is ook baie gewild. Die eenaar van die Dolan-ram het al 'n aanbod van R17.6 miljoen vir die ram geweier. Met 'n strootjie semen wat tot R378 000 behaal, is dit seker te verstane.

Nou is daar die geval van die hiëna-man in die stad Harer in Ethiopië wat hiënas stukkies vleis op 'n stokkie wat hy in sy mond hou, voer. Hoe raar is dit! "Out of Africa..".

Die wêreld is nie verniet rond nie. Eksentriekheid kom maar reg rondom die wêreld voor. Lees in 'n volgende Zastronner wat die Chinese met 'n spinnekop aanvang.

Zastron Guest Houses & B&B's

Die Dampondok

Lintie Swanepoel cell: 082 347 4833

Faks: 086 683 2416

e-mail: lindrieb.ermtravel@galileosa.co.za

Website: www.zastron.co.za/accomodation/bergglustpond.html

The Highland Guesthouse

Monica du Plessis Sarieta Franzen

31 Meyer Street Phone/Fax: 051 673 1557

e-mail: highlands.zastron@gmail.com

Website: www.highlandszastron.co.za

Mountain View

Chris & Elzabe Cell: 082 446 9108

Phone: 051 673 1040

e-mail: info@mountainviewzastron.co.za

GPS coordinates: S30 17'840 E4'445

Die Ou Stal B&B

38 George Street Piet & Zen Labuschagne

Cell: 082 416 7832 Tel/Fax: 051 673 1268

e-mail: dieoustal@tiscali.co.za

Tienfontein

AA Superior Rated****

Eugene & Alta Heyns Cell: 082 410 8351

Cell: 082 374 9612 087 550 1699

e-mail: emheyens@nokwi.co.za

Vultures Lodge

Tielman Roos ave. Tania van Tonder

Cell: 076 227 3913 Fax: 086 658 40 46

e-mail: vultureslodge@webmail.co.za

GPS coordinates: S30.17'836 E27.04'224

SQUARES


FURNISHERS & GIFTS

38 REICHENBERG STREET, ZASTRON, 9950

PHONE: 051-6731281, FAX: 051-6731739



Pure Pleasure Electric Blankets Double & Queen - Fitted



MAXWELL WILLIAMS



CREDIT CARD FACILITIES NOW AVAILABLE

Huldeblyk aan Hendrik Terblanche (27/04/1956 - 22/04/2012)

As jy in die eksamenlokaal die vraag sou kry: Gee 'n sinoniem vir Champion Distributors, sou die antwoord gewees het: Hendrik Terblanche. Hendrik was nie net sinoniem met Champions nie, hy WAS Champion Distributors. Indien iemand nie sou weet waar Champions is nie, sê net dis waar Hendrik werk, dan weet almal waar dit is.

Syskielikeheengaan was vir ons almal hierby Champion Distributors, asook vir die res van die gemeenskap, 'n geweldige skok. Sy sin vir humor was altyd aansteeklik en hy het niemand ontsien met sy sêgoed nie. Daar was nie 'n enkele persoon wat nie met hom oor die weg gekom het nie.

Hendrik, dankie vir jou omgee, jou moed inpraterij as dinge te veel wou word vir ons, jou vriendelike woord en jou mooi persoonlikheid. Jou plekkie hier by Champion Distributors is leeg, en ons gaan jou geweldig mis.

Dankie dat ons net mooi herinneringe kan hê van jou.

~Die Champion Span.



Off Road nuus

Die Vendetta 150 enduro was 'n groot sukses die 21ste April 2012 by Brokskloof. Daar was 50 inskrywings: Hernu Swanepoel, PJ Swanepoel, De Villiers Fenwick, Wikus Barnard, Deon van Zyl en Wynand Botha.

Baie geluk aan Hernu Swanepoel, hy het 3de in die Ope Motorfiets klas geëindig. PJ Swanepoel was eerste in die Novice Motorfiets klas, sy eerste resies en hy kom eerste, baie geluk. De Villiers Fenwick was tweede in die Junior klas motorfietse.

Die ander het ongelukkig nie die induro voltooi nie as gevolg van quads wat gebreek het, ander (van ons plaaslike ryers) se lywe en arms het ingegee.

Ek het half trane gekry toe Coenraad Swanepoel vir my die volgende sê "Skieries, dit laat my lekker voel om te sien hoe jaag die manne." Dalk Coenie, gaan die geleentheid jou weer eendag te beurt val.

Dankie aan die volgende borge:

- Martina van Champions vir die verf.
- Ronnie van Tonder van Vananco vir koeldrank.
- Leon Scorano van Zastron Slaghuis vir die vleispakkies.
- Caledon 400: Vir Wilfred Brown, sy vrou Riëtte, en hul dogter wat elektronies tyd gevat het.

Dankie aan die volgende:

Mohokare Munisipaliteit vir die gebruik van hulle grond. Annerette en Jannie vir die gebruik van hulle plaas, Rosendal. Dirk en Andry vir die hulp as Marshals. Ook aan Andre van Raubex. Baie dankie julle. Alle Zastronners, dankie vir die ondersteuning.

'n Speciale dank aan die volgende:

Cela, Blondie, Chantell en Dirkie, baie dankie vir jul hulp in die kroeg. Baie dankie ook Neef Berrie Blou Botha vir jou hulp met hulle aan jou sy kan jy berge verskuif, nogmaals baie dankie.

Muskiet

VANANCO WHOLESALEERS C.C.

TEL: (051) 673 1346 / (051) 673 1179 (fax)
E-MAIL: vananco.zst@telkomsa.net



PRODUKTE / PRODUCTS

IMPILO M/MEAL

Fresh fruit & veg

Tuesday and Thursday pm

Contact / Kontak:

Ronnie
Ryan
Mark



OTM in winkel /
available in shop

Uit die mond van 'n kind...

Wyshede uit die kindertuin:

1991- na die verskriklike veldbrande in die distrik.

1. Jaco Potgieter (Sub A)

"As die vuur kom dan vlug die duure. duure is baie bang. daar is al baie bome af ge brand. daar is al baie duure doot. as daar 'n vuur kom dan gaan die boere en vat 'n emer en gooi water in die emer."

2. Cindy van Ronge (Sub A)

"Ek was bang toe aasvoëlberg ge brand het en ek het baie ge huil en daar het baie boome ge brand. dit was 'n groot vier."

3. Erika Brüning (Sun A)

"Dit het lelek gebrand. Die velt het doot ge brand. Ons het die vuur doot ge slaan. Meneer Breen het ge brand en het 'n plyster aan en hy het 'n Fe-vand ook aan."

1993 – Briewe aan Kersvader:

1. Deon van Zyl (Sub A)

"Ek wil asb 'n ordentlike visstok hê, ons is op kersdag by die see huis. ek sal die deur toe maak maar jy kan op jou tone loop want die deur is nie gesluit nie. op die deur is 'n swart bord en op die swart bord staan moerieses."

2. Leon Scorrano (Sub B)

"ek wil 'n staffie hê en ek wil 'n moeterfiets hê. Ek bly in Meyerstraat 51. Baai kers vader."

Wyshede uit Pinocchio:

1. Gerrie Marais

"Juffrou, André het gewen met rugby. Hy het vier drukkes gedrie!"

2. Koot Smith (wyle Gert Olivier se kleinseun)

Op daardie stadium kon Koot nie 'n K sê nie, en het al sy k's verander met p's. Hy het bv. na himself verwys as Poot Smit. Op 'n keer het hy vir sy juffrou vertel van die koek wat sy ouma gebak het, maar gelukkig het juffrou besef dit was 'n rêrige KOEK!

Vadersdag en Moedersdag 1992:

1. WE Swanepoel (Sub B)

"My ma se naam is Hannekie. My ma is 33 jaar oud. My ma is 'n huisvrou. My ma het 4 kinders en 1 man."

2. Louis Church (Sub B)

"Pappa help ons. Ons sê baie baie dankie. Ek sal vir papa help met die donkie."

En vandag staan hulle almal hul plekke vierkantig vol in die samelewing!

Die grootste vergissing

Daar is baie interessante stories van wat met mense gebeur. Het jy al hierdie een gehoor?

In Engeland wou hulle 'n tronk bou wat bestand is teen enige ontsnapping. Argitekte en ingenieurs is genooi vir voorstelle. Uiteindelik is 'n plan aanvaar en die tronk was gereed vir inwyding. Almal is genooi. Veral die TV-span, want hulle moes op die dag iets besonders afneem. Houdini die kulkunstenaar van wêreldformaat moes probeer om die tronk se deur oop te maak; hy kan alles gebruik wat tot sy beskiking was...

Met sy tassie met towergoed het hy onder TV-dekking die tronkdeur genader; almal se oë was op hom. Hy was nogal 'n bietjie senuagtig, maar vol vertroue, hy weet hoe slotte werk. Hy het gevra vir vyf minute om die ou werkjie af te handel. Toe die eerste minuut verby is en nog niks gebeur nie was daar so 'n ligte spanning by Houdini te bespeur, maar gelukkig was daar nog vier minute oor. Maar dit was toe die vier minute verby was wat hy begin sweet het, want nog net 'n minuut was oor. Toe die klokke lui dat die vyf minute verby was, en die nuwe tronkdeur bewys het dat dit vasstaan vir toekomstige korrupsie, het Houdini in moedeloosheid teen die tronkdeur geleun. Tot almal se verbasing; die deur het oopgegaan, dit was nooit gesluit nie!

Waarlik een van daardie interessante en verrassende stories; watter wending? Almal het saam met Houdini gewag dat 'n oop deur oopgesluit moet word; lekker mislei. Die storie laat dink mens aan die opstanding. Jesus leef, en elkeen wat in Hom glo, leef met Hom tot in ewigheid. En tog probeer ons ook die oop "deur" oop maak. Hoe dom en onnodig. Wie evangelies wil leef moet begin sing en juig oor die verlossing. Telkens begin ons sweet en nuwe planne maak tot bevryding. Party dink as ek maar net die lotto kan wen. Ander dink ek moet net harder werk, dan sal ek ook sukses behaal. Nog ander dink; miskien moet net nog 'n wetenskaplike uitvinding gedoen word wat ons die antwoord sal gee tot verlossing en bevryding uit die tronk van die dood.

Laat ons almal op ons knieë afaan en die Here dankie sê vir die nuwe lewe wat Hy vir ons bewillig. Dit is presies op hierdie punt wat Petrus sy brief oor die goeie nuus begin skryf: Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus kom al die lof toe, want Hy het ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode.

Wat 'n vergissing as ons dit mis?!

Moments by Roland Stafford

Family duty!

Herold Menken was private secretary to Lloyd George and my grandmother, Coutess Aimee Guattari-Stafford's cousin. All three long dead. Out of the blue I got an invitation to tea from the widow Menken. Intrigued, I put on a suite and tie and walked to The Onslow Gardens Private Residential Hotel in South Kensington.

I entered the Hotel precisely at 3pm. The Brits are sticklers for being on time. Being shown to a tea table where two old ladies were sitting I introduced myself. Mrs Menken, a still gaunt woman, didn't say a word but, her companion Miss Collison gushed with enthusiasm and stood up to hug me.

The table had a silver three tiered display of splendid small cakes and savouries. Miss Collison poured the Lapsang Suchong tea and told me that she had been founder member of The Suffragette Movement for woman to get the Vote. Mrs Menken never uttered a word. I was glad to escape to the fresh air of the tree lined street.

Two weeks later I received an invitation to escort Miss Collison to a Dinner at THE HOUSE OF LORDS! It was the CENTENARY DINNER of THE INTERNATIONAL ABOLITIONIST FEDERATION (stopping slavery). I put on my dinner suite and walked back to the Hotel. Miss Collison, in evening dress, was waiting outside a London cab.

We were whisked to THE HOUSE OF LORDS and the cab pulled up under the portico where the Queen steps out of her golden coach when she addresses both Houses. We climbed up the vast staircase and entered a banqueting hall. The Four long tables were arranged edge to edge leaving an empty space in the middle. I was introduced to Baroness Stocks and was seated to her right. A place of honour? While Miss Collison was seated opposite on the other side of the room. Then she stood and gave a talk about abolition of slavery and the emancipation of women. Baroness Stocks whispered to me through clenched teeth, "They should abolish men! I don't mean you, my dear!"

A waiter to my left bowed and whispered "M' Lord" as he placed a plate in front of me. I turned to say, "I'm not a Lord" but said nothing. Why not be a Lord for the evening. So with each cold, tasteless course I was "M' Lord".

When all was done Miss Collison took my arm at the head of the grand staircase and smiled at me. As we descended we both knew how it felt to be a Lord and a Lady.

THE JOSEPHINE BUTLER SOCIETY 1870-1970

CENTENARY DINNER

Sponsored by Lord Sorensen
Speaker Baroness Mary Stocks

at House of Lords
on Friday, 6th March 1970

At 7 o'clock for 7.30 p.m.

THE JOSEPHINE BUTLER SOCIETY

FORMERLY THE ASSOCIATION FOR MORAL AND SOCIAL HYGIENE

83, DENISON HOUSE, 286, Vauxhall Bridge Road, LONDON, S.W.1.

Telephone: 01-824 5195

49, Hawkshead Lane, North Mymms, Herts.

*With the Compliments
of
The Hon. Secretary*

For Mr. Roland Stafford



HOUSE OF LORDS

Chairman :
Lord Sorenson

Guest Speaker:
Baroness Stocks

THE INTERNATIONAL ABOLITIONIST
FEDERATION

Miss M. Chave Collison

VOTE OF THANKS
to be moved by
Mrs. Margaret F. Bligh, B.Sc.

Menu



Consommé Célestine



Fillet of Sole Mornay



Roast Turkey
Green Peas
Chateau Potatoes



Bombe Diable Rose



Coffee

6th March, 1970

Weet jy wat doen jy?

Hierdie storie het jy al baie gesien of gehoor, maar neem jy kennis daarvan? "Byna net 'n hopie bene met vel oor, ribbes wat elkeen hoog uitstaan, die kobbels op die ruggraat, nog groter heupbene, die vel met growwe, dowwe hare en verder oortrek van die bosluise. Praat jy, is daar net 'n moedelose effene kwispel van die stert, maar die oue het klaar die dood in. Ai dit is tog Matlakeng se probleem.

NEE, dit gebeur en begin in Zastron se strate. Vroutjie pik 'n traantjie weg, Manlief skud sy kop, klik spuitig met die tong en albei vergeet daarvan. Maar.. waar is jou eie goedversorgde (soms minder versorgde) hond? Is die teef gesteriliseer en die reun gekastreer of loop hulle op straat rond agter hulle natuur aan? Kry die teef elke keer agt tot tien kleintjies? Te oulik - bolletjies wol en die kinders speel tog te lekker en Mammie troetel saam. Op vyf weke oud word skielik naartiglik rondgeva: "Weet jy nie dalk van iemand wat 'n hond soek nie?"

Moenie worry nie. Op ses weke word hulle tog almal

gelyk of een-een gesteel en dan is jy ontslae van die probleem tot volgende keer. Of miskien kry jy 'n paar Rand van Sterkspruit of Lesotho af. En as die hopie bene en vel op Zastron se strate beland is dit mos ander mense se probleem.


Die slim mense sê dat vandag se mense nie meer kan lees nie. Die Bybelse opdrag aan die mens was altyd "HEERS oor die skepping. 'n Goeie heerser pas die skepping op, maar nou lees die mense mos: MORS met die skepping.

*Ter wille van die "sensitiewe" lesers is die foto nie geplaas nie.

KOTTELJONSIE

010

Matheestraat 23 • Zastron
Tel. 051-673 1369



•Nuwe servette


•Vars neute

•Wintersbolle

•Rypdoek



Bar & Restaurant

**Trading Hours:**

Tue - Sat 11 am till late
Kitchen closes at 9pm

34 Hoofd Str
Zastron

Tel: 078 944 7354
GPS: S 30°18.494"
E 27°04.867"

Matlakeng Clinic News

Gestremde Sportdag

Die Departement van Gesondheid, Motheo distrik, het al die distrikte in die Vrystaat genooi om deel te neem aan 'n sportdag vir persone met gestremdhede. Die sportdag is gehou in Thaba Nchu op 20 April 2012.

Die doel van die dag was om 'n span saam te stel wat aan die Nasionale sportdag vir persone met gestremdhede te gaan deelneem asook die bewusmaking van gestremdhede. Die sportdag was gefokus op mense in rolstoele en mense met visuele- en gehoorgestremdhede.

Deelnemers van Rouxville, Vanstandensrus en Wepener het aan die sportdag deelgeneem en so Mohokare- en Naledi distrik se naam hoog gehou.

Vir die deelnemers in rolstoele was daar 'n wedren met verskillende afstande wat hulle kon aflê. Die kinders is bederf met speletjies en vermaak. Die persone met visuele gestremdheid het goal ball gespeel en die persone met gehoor gestremdhede het die rolstoele gestoot van die persone wat moeg geraak het. Die dag was 'n groot sukses en almal het dit baie geniet. Marnie Wilken, 'n arbeisterapeut, getroud met Nellis Wilken van Vanstadensrus, het kliphard aan die dag gereël. Baie geluk Marnie met 'n suksesvolle dag.

OOG KAFEE

Zastron 051 673 1584

★ **binnekort
beskikbaar:**

★ **NUWE
SPYSKAART**

★ **KIDDIES
MEALS**



Ma - Sa: 06:00 - 22:00

So: 06:00 - 21:00



MOHOKARE
LOCAL MUNICIPALITY

P. O. Box 20, Zastron, 9950

Tel: 051 673 9600

Fax: 051 673 1550

E-mail: info@mohokare.co.za

www.mohokare.co.za

Notice: 02/2012

ANNUAL REPORT AND OVERSIGHT REPORT

Notice is hereby given in terms of Section 46 (2) read in conjunction with Section 21A of the Municipal Systems Act No. 32 of 2000 and Section 127 (5) of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003, that the **Municipality's Annual Report** for the period **ending 30 June 2011** and the **Report of the Municipality's Oversight Committee** on the Annual report were adopted at an ordinary Council Meeting held on March 30, 2012.

Copies of the said documents are accessible on the website www.mohokare.gov.za or during office hours at the following offices and libraries:

TOWN	LIBRARY & MUNICIPAL OFFICES
Zastron	- Office of the Municipal Manager Hoofd Street - Zastron Library - Matlakeng Library
Rouxville	- Unit Manager's Office Church Street - Rouxville Library - Albert Nzula Library
Smithfield	- Unit Manager's Office Cr Pres. Hoffman & Voortrekker Streets - Smithfield Library

TC Panyani
Municipal Manager
Hoofd Street / P.O. Box 20
Zastron
9950